http://akroterion.journals.ac.za

# 'N HERBESKOUING VAN GAIUS (CALIGULA)

*L Cilliers & F P Retief (Universiteit van die Vrystaat)*

Gaius Iulius Caesar Germanicus Augustus (Caligula) is in antieke tye beskryf as 'n despotiese keiser wie se wreedheid, megalomania en onvoorspelbaarheid toegeskryf is aan kranksinnigheid. Tydens die afgelope eeu het navorsers soos Willrich (1903), Balsdon (1934) en Barrett (1989) na grondige herevaluasie van alle inligting egter tot die gevolgtrekking gekom het dat Caligula se beeld erg verwring is deur antagonistiese geskiedskrywers, dat hy vir sy tyd tog redelik opgetree het, en sekerlik nie as sielsiek beskou kan word nie. Katz (1972) stel 'n diagnose van tirotoksikose voor, en Benediktson (1989) meen dat die simptome op 'n variant van temporale kwab epilepsie dui. Lucas (1967) meen hy was 'n psigopaat en Jerome (1923) vermoed alkoholisme as deel-patologie. Heel onlangs egter publiseer Ferril (1991) weer die mening dat Caligula inderdaad kranksinnig (psigoties) was.

Omdat van hierdie outeurs in hul beoordelings redelik arbitrêr en vaag handel met definisies van psigose (kranksinnigheid) en hul onderskeiding van neurose, poog ons in hierdie studie om so wetenskaplik moontlik die getuienis van 2 000 jaar gelede diagnosties te verwerk.

*Bronne*

Ten einde die geskrewe inligting tot ons beskikking na behore te evalueer, is dit belangrik om die betrokke outeurs se *bona fides* en bewese kwaliteite as historici in aanmerking te neem. Veral die volgende antieke skrywers het oor Caligula gerapporteer – verwysings na sy optrede is geneem uit die aangetoonde werke van die outeurs hieronder genoem.

*Seneca die Jongere* (1-65 n.C.) het die keiser persoonlik geken en sou 'n ooggetuie van vele gebeurtenisse gewees het. Hy was 'n filosoof, 'n gerekende lid van die gemeenskap, met wye belangstelling in politieke gebeurtenisse, en het met Caligula gebots, o.a. weens 'n seksuele verhouding met een van sy susters. Die keiser het op sy beurt Seneca se skryfstyl bespot. Verwysings na Caligula se optrede kom voor in die *De ira* en *De consolatione ad Helviam*.

*Philo Judaeus* (30 v.C.-45 n.C.) was 'n leier van die Joodse gemeenskap in Alexandrië, en het in 39/40 n.C. die Joodse afvaardiging na Caligula gelei om beswaar te maak teen die keiser se anti-semitistiese optrede. Hy was 'n oorgangsfiguur tussen Hellenisme, Judaïsme en die vroeë Christendom, en in sy geskrifte gunstig gesind teenoor Augustus en Tiberius, maar baie krities teenoor Caligula in sy *Legatio ad Gaium*.

*Josephus* (37-100 n.C.) was 'n pro-Romeinse Jood, wat in sy *Antiquitates Judaicae* Bk. XIX veral die laaste dae van Caligula in detail beskryf het.

*Suetonius* (70-c.130 n.C.) is saam met Dio Cassius (*vide infra*) die grootste bron van inligting oor Caligula se lewe. Sy geskiedskrywing dek die periode van Caesar tot keiser Domitianus (44 v.C.–96 n.C.), en is biografies eerder as analities

http://akroterion.journals.ac.za



van aard. Hy gee ongelukkig min aandag aan die chronologie van gebeure, en gee graag anekdotes weer sonder om die juistheid daarvan te beoordeel. In sy biografie van Caligula begin hy deur die jong keiser se goeie dade te beskryf. Dan volg sy bekende woorde 'Tot hiertoe die prins – nou volg die monster', waarna Caligula se wandade beskryf word.

*Dio Cassius* leef teen die tweede eeuwending n.C., ongeveer 'n eeu na Suetonius, en skryf 'n outoritêre geskiedenis van Rome van sy ontstaan tot 229 n.C. Hy is baie negatief teenoor Caligula, en oordryf sy wreedheid.

*Tacitus* (56-c.120 n.C.) dek is sy *Annales* die keisers Tiberius tot Nero, maar ongelukkig het dele daarvan verlore gegaan, o.a. die hele geskiedenis van Caligula. Enkele verwysings na hom verskyn egter in die beskrywing van die heerskappy van ander keisers. Sy geskiedskrywing is oor die algemeen beredeneerd en analities.

*Plinius die Ouere* (23-79 n.C.) het ekstensiewe bydraes gelewer tot die natuurwetenskap en geskiedskrywing (veral die Romeinse veldtogte teen die Germane). In sy beperkte kommentaar oor Caligula in die *Naturalis Historia* V.2.11 verwys hy slegs na die keiser se wreedheid en buitensporige spandabelrigheid.

*Bespreking*

Die moderne literatuur is ryk aan bespiegelinge oor Caligula se geestestoestand, en 'n psigo-analise na 2 000 jaar is inderdaad moeilik. Charlesworth (1933) en ander meen dat 'n poging daartoe tydverkwisting is. In die soeke na waarheid is dit wel belangrik dat die *bona fides* (en onpartydigheid) van antieke skrywers beoordeel sal word. Soos hierbo reeds uitgewys, het Seneca en die Joodse skrywers spesifieke redes gehad waarom hulle die keiser waarskynlik nie goedgesind was nie, en Suetonius is daarvoor bekend dat hy graag sensasie-wekkende stories (selfs onbevestigd) oorvertel het. Dio Cassius en Tacitus se meer betroubare geskiedenis is t.o.v Caligula ongelukkig onvolledig, maar wat behoue gebly het, bevestig merendeels die oorwegend negatiewe verhale van ander skrywers. Maar dan kan dit ook nie noodwendig aanvaar word dat historici met geregverdigde aksies teen die keiser konsekwent leuens oor hom sou skryf nie. In ons beoordeling is oorwegend staatgemaak op inligting wat deur twee of meer outeurs vermeld word.

Terwyl antieke skrywers Caligula feitlik sonder uitsondering as boos, selfs kranksinnig beskryf het, was daar in die 20ste eeu 'n beweging om die kritiek teen hom as bevooroordeeld en ongesubstansiveerd af te maak. So beweer Willrich (1903) en Balsdon (1934) bv. dat sy optrede grotendeels aan administratiewe onkunde toegeskryf kan word, en sy oënskynlike wreedheid en grootheidswaan binne die morele norme van die tyd was. Sy traumatiese kinderjare en uiteindelike blootstelling aan die daaglikse lewensgevaar en perversie aan die hof van Tiberius, sou verder 'n spanningsneurose kon veroorsaak, met 'n invloed op sy optrede. Barrett (1989) se meer onlangse analise bevestig Caligula se wreedheid, korrupsie en magsmisbruik, maar hy meen ook dat dit vir 'n Romeinse heerser in die 1ste eeu n.C. nie buitengewoon was nie. Hy meen voorts dat baie van Caligula se wrede en vernederende optredes, selfs sy gesprekke met die gode, manifestasies van 'n siniese sin vir humor was, wat eenvoudig nie as sulks begryp is nie. Barrett (1989:216) meen

http://akroterion.journals.ac.za



dat die onderhoud met Joodse leiers, as aggressief en vernederend beleef, dan ook ’n charade was ter amusering van homself en die Romeinse amptenare.

Daar is algemene instemming dat die jong keiser (24 jaar) gedurende die eerste 7 maande van sy heerskappy (Maart – Oktober 37) goeie dinge gedoen en ’n besonder gunstige indruk op almal gemaak het (Philo, *Leg.* 67; Suet. *Cal.* 13) – alhoewel Ferrill (1991:101) meen dat ’n buitengewone (selfs abnormale) spandabelrigheid met staatsgeld toe reeds merkbaar was, en die rusie met sy ouma, Antonia (wat tot haar selfmoord gelei het) ’n voorloper van sy latere gevoellose wreedheid was. Tydens Oktober 37 het hy baie ernstig siek geword en is daar gevrees vir sy lewe. Toe hy na enkele weke weer herstel, was daar volgens alle antieke bronne ’n dramatise kentering, en is die gunstige beeld vervang met dié wat hom vir Suetonius ’n ‘monster’ gemaak het (Suet. *Cal.* 22). Die natuurlike vraag is of hierdie siektebeeld met sy oënskynlike gedragsverandering verband hou. Oor die aard van die siekte is daar geen besonderhede nie, sodat alle bespiegelinge hieroor op blote gissings berus. ’n Mens wil aanvaar dat dit nie die gevolg van ’n hoofbesering of ander ernstige trouma was nie, omdat so-iets waarskynlik aangeteken sou gewees het. Enkefalitis, primêr of as gevolg van ’n sistemiese siekte soos malaria, mag verbygaande persoonlikheidsafwykings of (selde) permanente demensie en ’n verskeidenheid verlammings of Parkinsonisme veroorsaak – maar nie afwykings soos by Caligula gevind is nie (Sim 1981:80-81). Waarskynlik was hierdie episode dan nie etiologies bydraend tot die keiser se daaropvolgende gedrag nie, alhoewel ’n verband met psigopatiese persoonlikheidsverandering (*vide infra*) ’n vae moontlikheid bly. Balsdon (1934:46) stel voor dat hy ’n ‘senuwee-instorting’ gehad het as gevolg van die spanning van die keiserskap. So ’n neurose sou beswaarlik as ’n lewensbedreigende siekte beoordeel gewees het (Sim 1981:275-314). Dit is vir hierdie gesprek belangrik om te onderskei tussen psigotiese toestande (kontak met realiteit verbreek), neuroses (volle kontak met realiteit) en psigopatiese afwykings (onaanvaarbare optredes, maar kontak met realiteit behou).

Caligula se optredes wat deur antieke skrywers in die aangetoonde werke veroordeel is, kan soos volg saamgevat word:

*Onvoorspelbaarheid* van optrede soos gekenmerk deur aanvanklike gulle samewerking met die Senaat (en veroordeling van Tiberius se optredes) wat sonder duidelike rede binne 18 maande omskep word in aggressiewe opstand teen die Senaat (en die aanprysing van Tiberius, nadat hy volgens bewering kontak gemaak het met die gees van die gestorwe keiser). Aanvanklike afskaffing van vele belastings en opheffing van die sg. hoogverraadverhore is terselfdertyd vervang deur nuwe (selfs ongekende) belastings en ’n verskerpte herinstelling van die sg. *maiestas*-verhore. Die jong Gemellus, deur Tiberius as mede-troonopvolger aangewys, is deur Caligula as sodanig aanvaar, in senior status aangestel en binne ’n jaar tereggestel. Stemreg by aanstelling van amptenare, aanvanklik afgewentel na die burgers, is gou weer teruggeplaas na die Senaat. Mithridates, koning van Armenië, wat tot Rome se voordeel ’n magsbalans in die Ooste verseker het, is sonder motivering gevange geneem – waarna militêre onrus onmiddellik ingetree het (Ferrill 1991:154). Sy noordelike militêre aksies spreek ook van onvoorspelbaarheid. Suetonius (*Cal.* 37)

http://akroterion.journals.ac.za



beweer ook dat Caligula se kleredrag, taal en algemene optrede soms vreemd en onvanpas was.

*Teregstellings* (wat die afdwing van selfmoord insluit), gepaardgaande met gevoellose *wreedheid,* foltering en *sadistiese* genieting van slagoffers se lyding, het na Oktober 37 op groot skaal plaasgevind (Barrett 1989:239-241). *Vernedering* van vriend en vyand (ook Senaatslede) was volop, en Barrett (1989:237-241) meen dat daar genoeg bewys is van ’n geniepsige humorsin, wat ook spreek van sadisme en die vernedering van ander. Selfs sy hantering van die redenaarskompetisie te Lyon het gespreek van sekerlik onnodige vernedering van nie-wenners (Ferrill 1991:123-4). Soos reeds vermeld mag Caligula se onsimpatieke hantering van ’n Joodse afvaardiging onder Philo ook getuig van ’n bizarre, vernederende humorsin (Barrett 1989:215).

Daar was groeiende *megalomania* en outokrasie, soos spreek uit pogings om homself tot god te verhef (sy suster, Drusilla, is as godin verklaar), ’n standbeeld van homself in die tempel in Jerusalem te laat oprig en in die proses ernstige botsing met die Jode uit te lok, herhaalde verklarings van sy oppergesag en mag om enigiets te doen – by geleentheid twee konsuls af te dank omdat sy verjaarsdag nie na behore gevier is nie en te veel aandag aan Augustus se oorwinning by Actium geskenk is, die bou van ’n skeepsbrug by Napels, en pogings tot grandiose oorlogvoering in Noord-Europa (wat op ’n fiasko uitloop). Bewerings dat hy met die ontslape Tiberius in verbinding was, sy openbare aanspreek van die gode, en sy uitspattige verknogtheid aan die renperd, Incitatus (o.a. uitnodigings na maaltye, en vermanings dat daar voor wedrenne stilte in die omgewing van die weelderige stal moet wees – selfs dreigemente om hom ’n konsul te maak) mag selfs dui op hallusinasies en delusie – alhoewel Barrett (1989:216) dit ook aan Caligula se humorsin wil toeskryf.

*Immoraliteit,* selfs gemeet aan standaarde van die tyd, blyk uit bloedskande met Drusilla (moontlik ook sy ander susters), en impulsiewe seksuele omgang met vroue van sy gaste tydens onthale. Hy was biseksueel (minstens drie manlike minnaars word genoem, o.a. sy swaer Lepidus) – nie ongewoon vir Romeinse keisers nie – en waarskynlik ’n transvestiet. Hy was volgens Suetonius (*Cal*. 38) *bedrieglik* en *korrup*, en het homself o.a. verryk met besittings van sy slagoffers, en deur op perdewedrenne (waarvan die uitslag bekonkel is) te verwed, asook arena-gevegte waarby sekere gladiatore bo ander bevoordeel is (selfs deur die vergiftiging van hul opponente). Tacitus (*Ann*. VI.18-20) beweer dat hierdie tendense reeds op Capri by Tiberius aangeleer is, waar hy die teregstelling van sy moeder en broers oënskynlik gelate aanvaar en die immorele orgieë geniet het. Alhoewel van hierdie oorlewerings deur moderne skrywers betwyfel word, sou ene Crispus later sê dat daar geen beter slaaf of erger meester as Caligula was nie (Tac. *Ann.* VI.19-20).

Die *staatskas*, likied gelaat deur Tiberius, is binne enkele jare deur Caligula uitgeput weens o.a. uitspattige sport- en arena-aktiwiteite, oordadige aalmoese aan die burgery en armes, ongehoorde skenkings aan vriende en buitelandse heersers, o.a. sy jeugvriende (die drie Thrakiese prinse en Agrippa) en Antiochus IV. Caligula het eers lg. se vervreemde koningskap aan hom terugbesorg, maar dit later weer ontneem; en dan was daar ook die onbesonne militêre optredes. Dit kan bespiegel word dat sy

http://akroterion.journals.ac.za



spandabelrigheid (wat ook ’n positiewe invloed op die ekonomie gehad het) nie werklik in die gees van die tyd abnormaal was nie.

*Differensiële diagnosis*

Die volgende *diagnostiese verklarings* vir sy gedrag is reeds deur outeurs voorgestel:

1. Neurose

Neurose word gedefinieer as ’n geestestoestand nie veroorsaak deur organiese breinsiekte nie, en nie gepaardgaande met beduidende persoonlikheids-disintegrasie of kontakverlies met realiteit nie, maar wat tog as gevolg van bv. spanning, angs en bedruktheid die pasiënt erg mag ontstel (Sim 1981:275-314). Soos genoem het Balsdon voorgestel dat Caligula se ernstige siekte van Oktober 37 ’n ‘senuwee-instorting’ was – ’n leketerm wat normaalweg op erge spanningsneurose dui. Massaro en Montgomery (1978:894-909) meen ook dat spanning en angsneurose minstens as bykomende faktore Caligula se geestestoestand vertroebel het. As oorsaak vir sy totale beeld van optrede gaan dit egter nie op nie.

2. Kultus-invloede.

Barrett (1989:219-222) gee ’n volledige oorsig van teorieë dat Caligula se optrede beïnvloed is deur Midde-Oosterse kultusse. Sy skepe-brug by Napels en beheptheid met die perd, Incitatus, word bv. in verband gebring met die Mazdaeaanse kultus van son-vlugte en –offers. Ander stel voor dat Caligula se bloedskande met Drusilla, toegewyde herwinning van sy moeder se as en dra van vroueklere terugslaan na sy beïnvloeding deur Faraoniese gebruike en die Isis-kultus in besonder. Sy besonder outokratiese optredes kon volgens sommige toegeskryf word aan jeug-beïnvloeding deur die sieninge van sy drie Thrakiese prins-vriende. Hierdie en ander dergelike teorieë kon egter ten beste ’n mindere impak op Caligula gehad het (Barrett 1989:219-222).

3. Post-enkefalitiese gedragstoornisse.

Massaro en Montgomery (1978:894-909) stel voor dat indien die akute siekte van 37 enkefalitis was, Caligula se buitengewone optredes hierna aan breinskade toegeskryf kan word. Daar is ’n groot verskeidenheid oorsake van enkefalitis, en alhoewel sommige hiervan korttermyn of selfs permanente gedragsafwykings mag veroorsaak, gaan dit tipies gepaard met algemene serebrale afstomping en verstandelike vertraging – wat nie met Caligula se beeld ooreenstem nie (Sim 1989:80-81). Daar is ook getuienis dat beduidende afwykings reeds voor die akute siekte-episode teenwoordig was (Ferrill 1991:98-101).

4. Invloed van epilepsie.

Daar is getuienis dat Caligula soos ander Julii-Claudiese keisers as kind epilepsie en floute-aanvalle gekry het (Suet. *Cal*. 50). Alhoewel strawwe epilepsie breinskade mag veroorsaak, word gewone epilepsie *per se* nie geassosieer met gedragsafwykings soos dié van Caligula nie (Willis 1976:156-160). Katz (1972:223-225) meen dat die geskiedenis van epilepsie twyfelagtig is alhoewel Suetonius (*Cal*. 50) sê dat hy as volwassene nog trekkings gekry het.

http://akroterion.journals.ac.za



Benediktson (1989:370-375) stel egter voor dat Caligula se gedrag ooreenstem met dié van pasiënte met *temporale kwab epilepsie*, soos oorspronklik beskryf deur Geschwind, Bear en ander. Tussen akute aanvalle, in die 'interiktale periode', is hierdie pasiënte tipies aggressief met afstomping van die humorsin, verdieping van emosionele reaksies, verhoogde godsdienstigheid, hipergrafie en seksuele afwykings (by mans veral impotensie en transvestisme). 'n Interessante ooreenkoms met Caligula se probleem is dus teenwoordig, en as ons Suetonius glo, het hy tot volwasse jare trekkings gekry. Daar was egter geen ander simptome van temporale kwab epilepsie nie (Willis 1976:159-160), en die keiser was waarskynlik nie impotent nie (ten spyte van die verhaal van Caesonia se afrodisiak). Hy het 'n dogter by Caesonia gehad (Suet. *Cal*. 25), en was oënslynlik seksueel promisku (Suet. Cal. 25; Dio 59.8.7). Tog bly die diagnose 'n interessante moontlikheid, wat na 2 000 jaar beswaarlik verder ontrafel sal kan word.

5. Hipertireose.

Katz (1972:223-225) maak 'n saak uit dat sommige van Caligula afwykings, soos sy dun arms, bene en nek, sy gespanne energieke houding, aggressiewe optrede, oormatige eetlus en slapeloosheid op hipertireose (ooraktiewe skildklierwerking) mag dui. Ander skrywers het reeds uitgewys dat kenmerkende eksopftalmos (prominente oogballe; teenwoordig in 20-40% van hipertireose gevalle), nie teenwoordig was nie, dat hipertireotiese pasiënte seksueel hipoaktief (onderaktief) is, en inderdaad meer as normaal slaap (Massaro & Montgomery 1978:699-700; Morgan 1977:452-453). Progressiewe swakheid is ook kenmerkend van hierdie siekte (terwyl Caligula fisies baie aktief was). Dit is veel meer volop by vroue as mans (verhouding van 1:8). Die teorie dat 'n stressituasie (soos die siekte van 37) hipertireose mag aanbring, verval hedendaags al meer in onguns (Lange 1999:1072-1080). Hipertireose mag 'n ligte graad van organiese psigose veroorsaak.

6. Kranksinnigheid (psigose).

Antieke sowel as meer onlangse skrywers soos Ferrill, was oortuig dat Caligula kranksinnig (psigoties) was (1991:7-11). Essensieel vir so 'n diagnose is bewyse dat die pasiënt kontak met realiteit verloor het, soos o.a. gemanifesteer deur totaal onredelike optredes, en die teenwoordigheid van delusies en hallusinasies. Progressiewe disintegrasie van die persoonlikheid tree in. Verskillende psigoses word erken, waaronder skisofrenie (volopste), affektiewe sindrome (depressie en/of mania) en organiese psigoses (veroorsaak deur o.a. toksienes, infeksies, tumore, breindegenerasie of vaskulêre inkorting na die brein; Willis 1976:191-192).

6.1 Skisofrenie.

Esser (1958:14) het 'n saak vir die diagnose van skisofrenie gestel; Lucas (1967:159-189) het dit ook oorweeg, maar uitgeskakel. Ons sou met lg. saamstem. Die verskillende variante van skisofrenie het in gemeen 'n progressiewe aftakeling en vervlakking van persoonlikheid, onsamehangende spraak en gedagtegang, delusies en veral hallusinasies soos kontak met die realiteit verbreek word. By paranoïede skisofrenie is vervolgingswaan prominent (Willis 1976:223-224). Alhoewel Caligula

http://akroterion.journals.ac.za



moontlik delusies en hallusinasies ondervind het, is sy beeld nie dié van progressiewe emosionele vervlakking, onttrekking, onsamehangendheid en kontakverbreking met realiteit nie. Tot by sy dood was hy volledig betrokke by landsadministrasie.

6.2 Alkohol.

Alkohol as moontlike oorsaak van organiese psigose, is deur Jerome volledig bespreek (1923). Alkoholisme mag wel van tyd tot tyd die keiser se optrede beïnvloed het, maar hier is min bewys van alkoholiese psigose wat met erkenbare beelde soos Wernicke-enkefalopatie en Korsakow-sindroom manifesteer (Willis 1976:305-312).

6.2 Psigopatiese persoonlikheid.

Lucas (1976:159-189) motiveer hierdie diagnose as oorsaak vir Caligula se optrede. Die psigopaat is nie psigoties in die sin dat hy kontak met realiteit verloor en progressiewe persoonlikheidaftakeling ondervind nie. Daar is egter 'n impulsiewe neiging om van tyd tot tyd die aanvaarde sosio-morele norme van die gemeenskap te oortree, sonder skuldbesef of berou. Die persoon is dikwels oppervlakkig aangenaam, humoristies, intelligent met besondere oorredingsvermoë, maar onderliggend is daar 'n totale gebrek aan verantwoordelikheid, betroubaarheid en lojaliteit. Psigopate het dikwels 'n geskiedenis van gevoellose wreedheid en sadisme wat uit die kinderjare kom. Die patogenese (die onstaansproses van die patologie of siektetoestand) word nog swak verstaan, maar is waarskynlik multi-faktories. Daar is nie bewys dat negatiewe faktore gedurende die kinderjare dit aanbring nie, maar meeste volwasse psigopate toon reeds in hul kinderjare simptome (Willis 1976:274-283). Daar is geen verbintenis met epilepsie nie, maar Williams (1941:131) het gevind dat tot twee-derdes van psigopate 'n abnormale E.E.G. of geskiedenis van breinskade of –infeksie het. Dit is veral prominent by aggressiewe psigopate.

Caligula se persoonlikheid sou na ons mening as psigopaties beskou kon word.

*Gevolgtrekking*

Op grond van bostaande inligting oor Caligula, wil ons dan voorstel dat hy 'n psigopatiese persoonlikheid gehad het. Dit word aanvaar dat nie alle anekdotes oor die keiser, veral uit die pen van Suetonius, noodwendig waar is nie, maar na ons mening is daar genoeg kruisbestuiwende inligting in die geheel-verhaal om aan te toon dat Caligula nie maar net ''n intelligente, maar ongelukkig taktlose jong man was, wanvoorgestel deur vyandige skrywers' nie (soos deur Edwards beweer 1992:114-115).

Ons glo nie hy was kranksinnig in die psigotiese sin van die woord (soos o.a. deur Ferrill voorgestel) nie, maar dat daar genoeg bewys is van 'n abnormale, psigopatiese persoonlikheid. Ferrill se simplistiese siening van 'malheid/kranksinnigheid' (1991:7-11) is in moderne terminologie ook nie aanvaarbaar nie – mens sou wou weet in welke variant van psigose hy geplaas word.

Individuele psigopate is geneig om redelik spesifieke afwykings te toon – bv. brandstigting, diefstal, selfbesering, sadistiese wreedheid of seksuele afwykings, Ons

http://akroterion.journals.ac.za



wil voorstel dat Caligula minstens die volgende psigopatiese manifestasies vertoon het soos blyk uit sy bovermelde geskiedenis:

1. Sadistiese wreedheid, soos gedemonstreer in die vele teregstellings deur hom beveel, maar veral die wrede wyse waarop dit geskied het, en die klaarblyklike bevrediging wat hy uit die lyding van veroordeeldes geput het. Suetonius beweer dat hy reeds op Capri, aan die hof van Tiberius, orgieë (wat wreedheid ingesluit het) geniet het. Hy het ook plesier gekry uit openbare vernedering van sy slagoffers, en volgens Barrett het hy ook dikwels gebruik gemaak van ’n wrede en sadistiese humorsin (1989:216-218).

2. Sy megalomane selfverheerliking het o.a. gelei tot vergoddeliking van homself en sy suster, die bou van ’n skepe-brug, en botsing met die Jode. Dit is moontlik dat sy militêre fiasko’s in Noord-Europa ook hierop gebaseer was eerder as kontakverlies met realiteit (wat op ’n psigose sou dui).

3. Die bloedskande met sy suster, transvestistiese optredes en losbandige openbare seks-eskapades selfs met die vroue van sy vriende, oorskry waarskynlik selfs die perke van moraliteit vir ’n keiser van dié tyd.

4. Sy buitengewonde spandabelrigheid na sy eerste jaar as heerser, selfverryking en korrupsie kon dalk aanvaarbaar gewees het vir ’n keiser, asook die verering van sy renperd, maar dit mag ook psigopaties gewees het.

5. Sy onvoorspelbaarheid en snelle verskuiwing van lojaliteite ten opsigte van die Senaat, Macro, Gemellus, selfs Tiberius (postuum) en vele ander vriende en kennisse na sy eerste jaar as heerser, is tipies van ’n psigopaat.

Daar is egter ook enkeke aspekte wat minder tipies is. Klaarblyklike volgehoue liefde vir sy familie (veral Drusilla) en sy laaste vrou, Caesonia, is nie kenmerkend van psigopatie nie, en indien hy ware delusies of hallusinasie gehad het, (bv. sy geprekke met die afgestorwe Tiberius), sou dit ook ongewoon, maar nie by psigopatie heeltemal onbekend wees nie (Willis 1976:274-283). Indien die vreemde optrede teenoor sy renperd, en die militêre aksies in Europa, wel manifestasies van kontakverlies met realiteit was, sou dit ten gunste van psigose en nie psigopatie nie, wees. Geheel gesien vind ons egter nie genoeg afwykings om psigose as primêre diagnose te stel nie.

Ons vind geen verklaring vir die akute siektebeeld van Oktober 37 nie, en meen dat dit waarskynlik nie verband hou met Caligula se abnormale optredes (wat waarskynlik reeds vroeër begin het) nie. Tog is dit interessant dat ’n groot persentasie van psigopate tekens dra van onverklaarde voorafgaande breinskade, afleibaar uit die siekte-geskiedenis of elektro-enkefalografiese toetsing.

## BIBLIOGRAFIE

Balsdon, J P V D 1934. *The Emperor Gaius (Caligula).* Oxford: Clarendon Press.

Barrett, A A 1989. *Caligula. The Corruption of Power.* London: Batsford Ltd.

http://akroterion.journals.ac.za



Benediktson, D T 1989. Caligula's Madness: Madness or Interictal Temporal Lobe Epilepsy? *CW* 82:370-375.

Charlesworth, M.P 1933. The Tradition about Caligula. *Cambridge Historical Journal* 4:105-119.

Edwards, C 1992. A Crazy Emperor? *CR* XLII (1):114-115.

Esser, A 1958. *Cäsar und die Julisch-Claudischen Kaisern im biologisch-ärtzlichen Blickfeld*. Leiden: Brill.

Ferrill, A 1991. *Caligula. Emperor of Rome.* London: Thames & Hudson Ltd.

Jerome, T S 1923. The Historical Tradition about Gaius. In: *Aspects of the Study of Roman History* c. XVII, pp. 409-422. London: Putnam.

Katz, R S 1972. The Illness of Caligula. *CW* 65:223-225.

*Lange: Current medical diagnosis and treatment.* 38$^{th}$ edition. 1999. Edited by Tierney, L M, McPhee, S S & Papadakis, M A. Stanford: Appleton & Lange.

Lucas, J 1967. Un empereur psychopate. Contributions à la psychologie du Caligula de Suétone. *L'Antiquité Classique* 16:159-189.

Massaro, V & Montgomery, I 1978. Gaius – Mad, Bad, Ill or All Three? *Latomus* 37:894-909.

Morgan, M G 1977. Once Again Caligula's Illness. *CW* 70:452-453.

Sim, M 1981. *Guide to Psychology* (4$^{th}$ edition), pp. 275-314. Edinburgh & London: Churchill & Livingstone Publ.

Smallwood, M 1957. The Chronology of Gaius' Attempt to Desecrate the Temple. *Latomus* 16:3-17.

Williams, D 1941. The electro-encephalogram in chronic post-traumatic states. *Journ. Neurol. Psychiat. Neurosurg* 4:13.

Willis, J 1976. *Clinical Psychiatry*, pp. 156-160. Oxford: Blackwell Scientific Publ.

Willrich, H 1903. Caligula. *Klio* 3:85-118, 288-317, 397-470.